



9 Desember 2024

Geagte Ouer/Voog

Ek bring graag die volgende sake onder u aandag:

1. Die skool heropen op **Woensdag, 15 Januarie 2025** om **07:55**. Al die **nuwe** graad 8- tot 11-leerders moet voor die saal aanmeld.
2. Die skooltye is soos volg: Maandae tot Donderdae **07:25 – 13:40** en Vrydae **07:25 – 12:40**. Indien die skooltye verander, sal u op die D6 kommunikasie-toep in kennis gestel word. Gedurende eksamens begin die leerders om **08:30** tensy anders aangedui op die rooster.
3. Leerders moet om 07:25 alreeds binne die skoolterrein wees. Indien leerders teen 07:25 nog nie binne die skoolterrein is nie sal dit as 'laat' hanteer word. Leerders wat laat kom sal 45 detensiepunte geskryf word. Kontak die kantoor indien daar 'n noodgeval of krisis is.
4. Op **Maandag, 20 Januarie 2025** sal die jare-lange tradisie voortgesit word met die aansteek van die fakkel. Na afloop daarvan sal daar 'n sokkie in die skoolsaal plaasvind. Graad 8's word aangemoedig om hierdie geleentheid by te woon.
5. Elke graad 8-leerder sal aan 'n graad 8-aktiwiteitsdag deelneem. Hy/sy sal ook 'n graad 8-boekie ontvang wat voltooi moet word. Elke graad 8-leerder sal ook vir 'n bepaalde tyd 'n naambordjie dra. Dit alles om hulle by Hoërskool Ficksburg te verwelkom en hulle meer van die skool se geskiedenis, tradisies en werksaamhede te leer.
6. Kyk asseblief na die nuut opgedateerde gedragkode van die skool wat op ons webtuiste beskikbaar is. Dit is belangrik dat leerders die korrekte skooltas en uniform het.
7. **BAIE BELANGRIK**: Alle selfone en ander eiendom is u kind se eie verantwoordelikheid. Leerders moet hulle selfone by hulle hou. Leerders se selfone mag net voor of na skool, asook gedurende pouse aangeskakel wees.
8. Die koshuis het 'n bekostigbare dagstudent-opsie waar leerders heerlike gesonde middagetes ontvang asook 'n kas en 'n bed. Kontak asseblief die kantoor indien u belangstel.
9. Aan die begin van die nuwe skooljaar sal daar 'n vergadering vir alle ouers gehou word. Daar sal genoeg tyd vir vroeë ingesluit word. Die datum sal bevestig word.
10. Neem asseblief kennis dat daar 'n tarief vir busvervoer gehou word. Dit behels alle aktiwiteite waarvoor gery moet word. Elke leerder wat van skoolvervoer gebruik maak, sal busgeld voor/op die dag moet betaal. Die koste van elke rit beloop **R30**.
11. 'n Voorlopige kwartaalprogram is hierby aangeheg. Daar mag veranderings wees.
12. Die begroting vir 2025 is goedgekeur. Ingesluit is die inligting rakende die skool- en koshuisgeld vir 2025.
13. Skoolgelde kan daaglik vanaf 07:00 - 12:00 by die kantoor inbetaal word. Alternatiewelik kan betalings elektronies gedoen word of u kan by die bank 'n direkte betaling maak. Ons het ook kaartfasiliteite in die kantoor. Skoolgelde is maandeliks vooruit betaalbaar.
14. U kind sal slegs die nodige handboeke op die eerste skooldag van 2025 ontvang, indien die **R350** boekfooi betaal is. Neem asseblief kennis dat indien u kind nie die handboeke terug besorg aan die skool aan die einde van die jaar nie, u 'n rekening sal ontvang vir alle uitstaande handboeke.
15. Geen skryfbehoeftes word deur die skool voorsien nie. Elke kind moet sy/haar eie werkboeke en skryfbehoeftes aankoop. Boeke moet asseblief netjies oorgetrek word.

16. Die skooldagboek is verpligtend vir elke leerder en beloop **R30** per leerder. Die R30 sal op die eerste dag van die nuwe skooljaar opgeneem word. Alternatiewelik is die dagboekie by die skoolkantoor beskikbaar. Ongelukkig word geen maloti's of nickel (munte) aanvaar nie.
17. Rapporte sal in die eerste week van elke kwartaal op 'n vasgestelde dag aan ouers uitgedeel word. Die daaropvolgende **Dinsdag** vind die **ope-dae** vanaf 15:00 tot 18:00 plaas. Afsprake word telefonies by die sekretaresse gemaak om onderwysers te spreek oor u kind se skoolwerk en/of punte. Bring asseblief u kind saam na hierdie afspraak.
18. Ons kan nie genoeg klem lê op die volgende nie; skeduleer asseblief **alle persoonlike afsprake** so vër moontlik vir die middag aangesien u kind andersins kosbare onderrigtyd verloor.
19. Ons vra u samewerking om enige adresveranderings en/of verandering van kontaknommers aan ons deur te gee. Dit verseker effektiewe kommunikasie tussen die skool en u as ouer.
20. Die jaarblad van 2024 is digitaal beskikbaar. Dit is op die skool se webtuiste asook die Facebookblad beskikbaar.
21. Laai asseblief die D6 kommunikasie toep op u slimfoon af. Ons gaan met u in 2025 slegs op die D6 kommunikeer.
22. "LA Clothing" wat ons skooluniform verkoop sal van Maandag, 13 Januarie 2025 tot Woensdag, 15 Januarie 2025 vanaf 10:00 – 15:00 elke dag oopmaak. Hulle winkel is by Ficksburg Primêr.
23. Ons wil asseblief ouers se samewerking vra rakende die voorkoms van u kind. Maak asseblief seker dat u kind se netheid in lyn is met die gedragskode van die skool. Netheid lewer 'n groot bydrae tot dissipline wat weer oorspoel na akademiese vordering toe. Die skool is nie alleenlik verantwoordelik om u kind te dissiplineer nie. Ons vra dat u saam met die skool sal werk in hierdie groot opvoedingstaak.

Ons personeel wens u 'n aangename vakansie en feestyd toe. Ek groet u met die wens dat dit goed met u sal gaan.
"Never Ever Give Up"

Goedheid en guns

JJ Hanekom
SKOOLHOOF